Page 81 of the further particulars paragraph 31 Welkom. To this paragraph is added "Op 11 Augustus 1984 het beskul digde M.G.P. Lekota te Thabong, Welkom, 'n toespraak gehou by

... / die



die begrafnis van 'n persoon wat in die onluste aldaar gedood is en het hy 'n oproep gedoen op die begrafnisgangers om te veg totdat uiteindelijke vryheid en vrede verkry is. Hy het 'n beroep gedoen op die vroue om deel te neem aan die stryd wat volgens hom reeds in 1912 begin het."

At page 19 to sub-paragraph 4(iii) is added the following "UWO United Women's Organisation wie se lede van die bestuurs tans aan die Staat onbekend is."

On page 27 of the further particulars just before paragraph 1.4.1 a new paragraph being paragraph 8 is added (10) which reads as follows "Organisasies met UDF geaffilieer of wat aktiewe ondersteuners van UDF is en waarvan die name van die bestuurs tans aan die Staat onbekend is." They are numbered. I will not read out the numbers. "Tembisa Civic Association TCA, Tembisa Youth Organisation TYO, Ratanda Civic Association RCA, Thokoza Progressive Party, Katlehong Youth Steering Committee, Die Ad hoc komitee van Silverton, Alexandra Civic Association ACA, Mankweng Civic Association MACA, Mankweng Youth Organisation MAYO, Atteridgeville/Saulsville Residents Organisation ASRO, Huhudi Youth Organisation (20) HUYO, Thumahole Students Organisation TSO, Thumahole Youth Congress TYCO, Grahamstown Civic Association GRACA, Cradock Civic Association CRADORA, Cradock Youth Association CRAYA, Wes-Kaap Civic Association WCCA, Leandra Action Committee LAC, Graaff-Reinet Youth Congress GRAYCO, Graaff-Reinet Community Organisation GRAFCOM, Noupoort Youth Organisation NOYO, Studenteraadskomitee Witbank, Somerset-Oos Youth Organisation SEYOU, Somerset-Oos Residents Association SERA, Cookhouse Youth Organisation CYO, Bedford Youth Congress BEYCO, Adelaide Youth Congress ADYCO." (30)

This is then the totality of the amendments granted.

LORD ELDORADO RIGHTEOUSNESS MacCAMEL, v.o.e. (Deur tolk)

MNR. HANEKOM : Voordat ek met sy getuienis aangaan. Ons het gister na die verdaging besin oor die bewysstukke se inhandiging. Die Staat se houding is, die oorspronklikes is beskikbaar en ek dink ons gaan voortaan die oorspronklikes inhandig. Ek wil dan die twee wat gister die afskrifte van ingehandig is AN(3) en AN(5) net die oorspronklikes ophandig.

TOLK : Die getuie beweer dat hy iets uitgelaat het gister wat hy nou onthou het, wat hy graag sal wil noem en dit korri-  
geer. (10)

HOF : Asseblief. -- Ek het 'n persoon se naam uitgelaat by die vergadering wat ons gehad het. Die persoon se naam is Thembe-  
kile Sahluko.

Was hy ook by die vergadering? -- Ja, hy was.

ONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM (vervolg) : Is dit by die vergadering van 8 Oktober? -- Ja.

Goed, ons het dan gister klaargemaak met die vergadering van 8 Oktober by Esau se huis. Het die vergadering die volgende dag, 9 Oktober, toe wel plaasgevind?-- Ja.

Waar was dit en hoe laat was dit? -- By die Roomse Kerk(20) Gebied 12, Sebokeng om 10h00.

Het u alleen daarheen gegaan of saam met ander mense? --  
Op pad soontoe was ek in die geselskap van Esau Raditsela.

Toe u by die kerk aankom, het u en Esau sitplekke ingeneem voor in die kerk? -- Daar was 'n platform gewees waar 'n tafel was. Ons het sitplek daar ingeneem soos dit gereël was vir ons.

Wie het saam met u op die platform gesit? -- By die tafel was dit eksself, Curtis Nkondo, dr. Monthata Motlana, mnr. Shabangu, Mike Kgaka en die predikent Lethale.

En Esau Raditsela? -- Ja. (30)

Was daar in die kerk enige baniere aangebring? -- Ja, UDF

... /en

en COSAS baniere was daar gewees.

Van enige ander organisasies of net hierdie twee? -- Wat ek onthou is hierdie twee wat ek alreeds genoem het. Verder was daar baie T-hemde gewees, byvoorbeeld van die Union. Dan was daar pamflette ook gewees van "Release Mandela Campaign".

Is dit pamflette wat opgeplak was of was dit by die vergadering beskikbaar? -- Dit was teen die mure opgeplak gewees.

Behalwe die plakkate en baniere binne-in die kerk, was daar ook buite die kerkgebou daarvan? -- Selfs buite was daar gewees. Ingesluit by daardie buite was die uitnodigings- (10) plakkate gewees vir hierdie betrokke vergadering.

HOF : Was daar nou die pamflette ook buitekant en ook baniere buitekant? -- Ja.

MNR. HANEKOM : Kan u nog onthou wat die bewoording op die baniere was? -- Ek onthou die banier van die UDF met die slagwoord van die UDF.

Wat was dit? -- "Apartheid divides - UDF unites."

Was daar in die kerk gesing voordat die vergadering begin het? -- Met ons aankoms daar was die mense in die kerk reeds besig om te sing. (20)

Wat was gesing? -- Freedom songs was daar gesing.

Kan u enige van die liedere wat gesing is onthou? -- Ek sal nie spesifiek kan onthou watter liedere hierdie betrokke dag daar gesing is nie, want dit word gewoonlik gesing by verskillende vergaderings. Dus kan ek nie sê wat daar gesing was nie.

Was iemand in beheer van die singery? Het iemand voorgaan met die sing? -- Ek sal nie kan sê of daar 'n leier was op die stadium van daardie singery nie, behalwe dat ek kan sê dat die groep wat gesing het was op die platform gewees en (30) dit was die jeugdiges wat die meeste van die tyd die gesingery

... / begin

begin het.

HOF : Was daar in die kerk self gesing of net op die platform gesing? -- Ingesluit in die gehoor in die kerk wat gesing het.

MNR. HANEKOM : Het u enige van die groep jong mense wat op die verhoog gesing het geken? -- Ek het nie die meeste van daardie mense geken nie. Ek sal sê ek het net een van die persone daar op die verhoog geken, naamlik Gcina Malindi.

HOF : Sal hy opstaan, asseblief? Dit is beskuldigde nr.?

MNR. HANEKOM : Nr. 5. Kyk net na die beskuldigdes dan kyk u of u enige van die ander beskuldigdes daar herken het wat(10) u nie daardie dag geken het nie? -- Nog 'n persoon wat ek geken het van die beskuldigdes is Thabiso Ratsomo, wat ook by was net die voorbereidings vir hierdie betrokke vergadering.

HCF : Laat hy opstaan, asseblief? Beskuldigde nr. 22.

MNR. HANEKOM : Is dit die enigste van die beskuldigdes wat u sien? -- Ja.

Wanneer het u vir beskuldigde nr. 2 die eerste keer leer ken? -- 'n Tydjie voor die dag van die vergadering het ek hom leer ken.

Wat se voorbereidings het hy getref vir die vergade- (20) ring? -- Ons was saam bymekaar gewees soos ek alreeds gesê het in my getuienis. Op die 8ste het ons bymekaar gekom in voorbereiding vir die vergadering wat die 9de gehou sou word.

Het u op daardie stadium 'n man geken met die naam van Johnny Motete? -- Dit was kort na ek hom leer ken het.

Het u hom daar by die vergadering gesien? Dit is die vergadering van die 9de by die kerk? -- By die vergadering van die 9de het hy daar opgedaag, maar dit was na die tyd.

Hoe het hy opgedaag? -- Die vergadering was al aan gewees toe hy daar gekom het. Hy was daar in die geselskap van (30) 'n klomp mense afkomstig van Bophelong. Hulle het saam met

... / hom

hom die kerkgebou binnegekome. Hulle was besig om te sing.

HOF : Die wat ingekom het, het gesing? -- Ja, hulle was besig om te sing.

MNR. HANEKOM : Wat het hulle gesing? -- Ek sal nie nou vir die Hof kan sê wat se lied hulle gesing het op daardie stadium wat hulle daar gekom het nie, alhoewel ek vir die Hof kan sê dat dit die gewoonte is, as mense by 'n vergadering kom van hierdie tipe en hulle sing, sal die mense binne ook sing. Dit is die manier waarop hulle ontvang word. Daarom is ek nie in staat om vir die Hof te kan sê wat die lied was wat gesing(10) was nie.

HOF : Wat se soort lied was dit? -- Dit was een van die Freedom songs.

MNR. HANEKOM : Het u toe die vergadering geopen? -- Ja, deur te bid. Ons het toe daar 'n kerklid gesing.

Kan u nog onthou watter een dit was? -- Ek kan nie meer onthou watter een dit was nie.

HOF : Was daar net gebid of was daar ook skriflesing? -- Nee, daar was nie skriflesing nie. Ek het net gebid en toe die lied gesing. (20)

K94 MNR. HANEKOM : Het u ook 'n soort van 'n openingsrede gehou of nie? -- Ja, soos 'n voorsitter van daardie vergadering het ek dit gedoen.

Wat was die hooftrekke van die rede van u? -- Dit was om die gehoor te laat weet wat die rede is hoekom daardie vergadering daar gehou was.

Hoe het u gesê wat was die doel? -- Ek sal nie breedvoerig kan onthou wat my toespraak presies aan die begin was aangaande hierdie redes nie, maar wat ek wel kan onthou is dat ek aan die gehoor gesê het dat ons is hier bymekaar oor die (30) klagtes of die ontevrede stellings wat ons het aangaande die

... / raadslede

raadslede.

Is dit al of wil u iets byvoeg? -- Nee, dit was net daardie verduideliking gewees dat die gehoor kan weet wat die rede is hoekom ons daar bymekaar gekom het.

HOF : Het u spesifiek gemeld watter ontevredenheid daar is of het u net gesê in die algemeen ontevredenheid oor die raadslede? -- Ek het net in die algemeen gepraat van hierdie ontevredenheid. Later het dit toe uitgekom wat dit is.

MNR. HANEKOM : Bedoel u later deur ander sprekers of deur uself later? -- As ek sê later dan bedoel ek dit het uitgekom (10) van ander sprekers sowel as van myself.

Die vorige dag, die 8ste, was daar nog nie sekerheid oor wie die genooide sprekers sou wees by die vergadering nie. Was daar op hierdie stadium nou reeds sekerheid? -- Ons het geweet, want die sprekers het opgedaag.

Wie was dit? -- Dr. Monthato Motlana, mnr. Shabangu, mnr. Curtis Nkondo en mnr. Phathang. Hy was van Sebokeng.

Het u die sprekers voorgestel? -- Ja, ek het die sprekers voorgestel een-vir-een.

Kan u onthou in watter volgorde hulle gepraat het? -- (20) Ek sal nie kan onthou wat die volgorde was nie, maar ek kan onthou wie almal daar was.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

LORD ELDORADO RIGHTEOUSNESS MacCAMEL, nog onder eed

ONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM (vervolg) : U het laas gesê u kan nie onthou watter volgorde die sprekers in gepraat het nie. Ons begin dan maar met dr. Motlana. Het u hom aan die gehoor voorgestel? -- Ja, ek het hom voorgestel as 'n lid van die Soweto Civic Association en ook die voorsitter van The (30) Committee of Ten.

... / Waaroor

Waaroor het sy toespraak gehandel in hooftrekke? -- Dit het gegaan oor die Black Local Authorities Act.

Wat het hy daarvoor gesê? -- Hy het verduidelik hoe die Black Local Authorities Act gaan werk en dit vergelyk met die raadslede dat die raadslede het begin en toe later het ons nou "town councils". Hy het breedvoerig daarvoor gepraat en 'n verduideliking gegee. Ek is nie in staat om alles te herhaal soos hy dit gedoen het nie.

Wat was sy gevolgtrekking oor die Black Local Authorities Act? -- Hy het gepraat van die swakheid van die Black Local(10) Authorities Act soos dit toegeken word deur die regering. Hy het verder gesê dat die Black Local Authorities Act is eintlik die ou ding. Dit is net die verandering in die naam. Byvoorbeeld Urban Council is net verander en 'n ander naam gegee, maar dit bly nog die Urban Council. Hy het toe verder melding daarvan gemaak dat ons dit nie moet ondersteun nie.

Het hy iets gesê oor die verkiesings wat op hande was van raadslede? -- Ja, hy het gesê aangesien die verkiesing nou naby is, moet ons dit nie ondersteun nie, want as ons dit doen, beteken dit dat ons goedkeuring gee aan iets anders wat (20) meer swaar vir ons gaan wees om te dra. Hy het verder gesê hierdie raadslede soos hulle nou gekies word, word hulle voor geplaas in die Administrasieraad sodat wanneer die gemeenskap klagtes het, moet hulle tot by die raadslede kom, ons sal later vind dat ons onder mekaar baklei, dit wil sê Swartmense onder mekaar baklei.

As u sê hy het gesê die mense moenie deelneem aan die verkiesing nie, het hy gesê mense moenie beskikbaar wees om as kandidate te staan vir raadslede nie of dat die mense nie aan die verkiesing van raadslede self moet deelneem nie? -- (30) Daar was alreeds kandidate gewees. Wat hy daarby bedoel het

... / is

is dat ons moenie gaan deelneem as kiesers van die kandidate nie.

Dan gaan ons na een van die volgende sprekers, mnr. Curtis Nkondo? -- Hy het breedvoerig gepraat oor die onderwys van die Swartkinders.

Hoe het u hom voorgestel aan die gehoor voor hy begin praat het? -- Ek het hom voorgestel as 'n lid van die UDF wat ook betrekking het aangaande die onderwysorganisasie.

Watter onderwysorganisasie verwys u na? -- Wat ek daarby bedoel is, terwyl hy in UDF is as 'n lid, sy taak daar in (10) die UDF was oor die onderwys.

HOF : Sy taak of sy amp? -- Wat ek bedoel is, by UDF as 'n lid het elke persoon 'n amp. Sy amp was aangaande die onderwys in die land.

MNR. HANEKOM : Wat was sy toespraak oor? -- Sy toespraak was eintlik in breë trekke gewees oor die onderwys. Hy het byvoorbeeld gepraat oor die veranderinge van onderwys in die verlede, byvoorbeeld die veranderinge soos Bantoe-onderwys en toe verder gepraat hoe sleg dit is om Bantoe-onderwys te gebruik in ons gemeenskap. Hy het streng hierop gesê dat (20) die kinders wat op skool is, behoort iets te sê of 'n seggen-skap te hê oor hulle onderwys. Dit is op daardie punt waar hy toe uitdruklik gesê het dat hulle moet SRC's hê.

Waarvoor staan die SRC? -- Student Representative Council.

Het hy daarop uitgebrei oor hoekom hulle dit moes hê? -- Hy het gepraat van destyds was daar 'n ding soos die "Prefect System". Met die "Prefect System" kon die skoolkinders nie hulle klagtes of ontevredenheid voorbring op die regte manier nie, want die prefekte self se pligte was om net boodskappe oor te dra aan die kinders. As daar vir hulle gesê was (30) "Loop sê julle vir daardie kinders om dit te doen", moet

... / hulle



hulle dit net so oordra.

Het mnr. Nkondo iets gesê oor die raadslede? -- Ja, aan die einde van sy toespraak het hy sy gevoelens ook daar uitgespreek en gesê die gemeenskap moenie deelneem of hulleself beskikbaar maak vir die raadslede se doen en late nie.

Het hy nog iets oor die raadslede gesê of is dit al? -- Hy het breedvoerig hieroor gepraat, maar ek is nie in staat om alles te kan herhaal wat hy gesê het nie, soos ek alreeds gesê het.

Kan u onthou of hy gepraat het oordie magte wat raads- (10) lede het? -- Ja, hy het gesê hulle het geen magte nie, maar net 'n klompie mense wat boodskappe of instruksies sal moet kry van die administrasieraad om uit te voer.

Dan 'n volgende spreker, mnr. Shabangu, hoe het u hom voorgestel aan die gehoor? -- Ek het hom voorgestel as 'n lid van die komitee van die UDF.

Waaroor het hy gepraat? -- Hy het gepraat van die gesukkel van die mense vantevore waar dit begin het, dat die mense baklei om die reg te kry. Met ander woorde, ek sal sê hy het gepraat oor die geskiedenis van die "struggle". (20)

Waar het hy begin met die geskiedenis? -- Hy het begin by die punt wat die rede was hoekom die ANC bestaan het, as gevolg waarvan.

HOF : Bestaan het of ontstaan het? -- Begin het.

Ontstaan het? -- Ja. Hy het ook verder gepraat oor hoe die Swartmense baklei het om hulle regte te kry.

MNR. HANEKOM : Het hy uitgebrei op hierdie "struggle" van die mense waaroor hy gepraat het, wat dit behels? -- Ja, hy het gepraat van die "bus strike" van Evaton gedurende die jare 50's. Hy het gepraat van kampanjes wat destyds bestaan het (30) hier en daar, wat daar gebeur het, wat die voorval was en

... / waarom

waaroor dit gegaan het. Hy het toe vir die mense gesê dat hulle nie moet terugstaan nie, want hulle het 'n deel in die "struggle" van die mense, dit wil sê in die gemeenskap.

Het hy gesê watter deel hulle het? -- Toe hy gepraat het van die "bus strikes" in die Vaal, het hy vir die mense gesê hulle moet nie terugstaan en dink hulle word nie gesien wat hulle doen nie. Hulle word gesien. Dus, hulle moet nie terugstaan asof dit nie beseft word wat hulle doen nie.

Het hy gesê hoe hulle die stryd moet voer? -- Sy woorde was die mense moet bymekaar kom en ooreenkom. Dan sal hulle (10) le kan vorder.

HOF: Bedoel u met bymekaar kom, hulle moet saamstaan? -- Ja, hulle moet saamstaan.

MNR. HANEKOM : Het hy gesê wat hy daarmee bedoel dat die mense sal dan vorder? -- Dit beteken dat as mense saamstaan, kan hulle sien wat die vordering is in vergelyking met mense wat apart staan. Een is hier en die ander een doen 'n ding daar alleen. Dan is die vordering nie maklik om op te merk nie.

Het hy gesê wat die einddoel in die stryd moet wees of nie? -- Ek sal nie kan sê wat hy eintlik gesê het wat gedoen (20) moet word nie. Al wat ek kan sê is dat hy net vir die mense gesê het dat hulle nie moet terugstaan nie. Hulle moet fluks word.

Het hy gepraat van die organisasie waaraan hy behoort het, die United Democratic Front? -- Ja, kortliks. Hy het gepraat oor waarvoor dit staan, byvoorbeeld deur te sê dit staan vir die vereniging van mense wat bymekaar staan.

Het hy gesê waarvoor hulle moes bymekaar staan? -- Dit is duidelik van sy toespraak dat die mense bymekaar moet staan sodat hulle kan sien en kan vorder. (30)

Het hy ook gepraat oor die verkiesings wat op hande was?

... / Ja

-- Ja, aan die einde van sy toespraak het hy daarvan gepraat deur die woorde te gebruik om die mense te laat voel of die indruk te laat kry dat hulle nie deel moet neem aan die verkiesings nie.

Die volgende spreker was mnr. Phathang. Het u hom aan die gehoor voorgestel of was hy 'n plaaslike man wat bekend was? -- Ek het hom voorgestel as een van die inwoners van Sebokeng.

Waaroor het sy toespraak gehandel? -- Ek kan nie spesifiek vir die Hof sê waaroor sy toespraak gehandel het nie, (10) behalwe dat ek kan sê hy het melding gemaak van sekere dinge wat mense oor gekla het. Eintlik kan ek nog verder sê dat hy nie so 'n belangrike spreker was daar nie.

Kan u onthou watter klagtes hy geopper het? -- In die algemeen het hy gepraat van die klagtes, byvoorbeeld oor die verhoging van die huurgelde.

HOF : Dit was nou in Oktober 1983. Is die huurgelde toe verhoog? -- Die kennisgewings was alreeds ontvang dat die huurgelde verhoog gaan word.

MNR. HANEKOM : Behalwe hierdie wat ek sal bestempel as (20) formele sprekers, het ander mense ook gepraat op die vergadering? -- Ja, wat toe later gebeur het, is dat die vergadering het toe die gehoor kans gegee om ook iets te sê oor hulle gevoelens aangaande die vergadering.

Het daar toe van die aanwesiges gepraat? -- Ja, hulle het gepraat.

As u 'n opsomming moet gee van waaroor die aanwesiges gepraat het, kan u dit gee of nie? -- Ja, ek kan dit doen.

Gee dit, asseblief? -- Die meeste van die mense wat van die gehoor gepraat het, het gepraat van die probleme wat (30) hulle nou ondervind. Dit is toe op daardie stadium wat die

... / klagtes

klagtes uitgekom het wat die mense oor kla in die gemeenskap, oor die verhoging van huurgelde byvoorbeeld. Die ontevredenheid oor die vervoer en die raadslid, hy word vandag gekies en hy is net 'n gewone mens. Mōre, oormōre besit hy 'n besigheid, 'n winkel of enige aard van 'n besigheid. Die bejaarde inwoners van die gebiede wat sukkel om pensioengelde te kry. Byvoorbeeld 'n persoon doen aansoek vir 'n lisensie vir 'n sekere soort besigheid. Sy aansoek word nie eers oorweeg nie. In plaas dat hy 'n antwoord daarop kry, gaan 'n raadslid met daardie besigheid begin en 'n lisensie word aan hom toegeken. (10)

Alternatiewelik as die lisensie aan daardie persoon uitgereik moet word, moet die persoon sekere gelde inbetaal vir die uitreiking van daardie lisensie om oorweeg te word. Daar het baie van hierdie tipe klagtes uitgekom op hierdie stadium.

Is daar melding gemaak van resolusies op die vergadering?

-- Ja, daar was resolusies genoem.

Wat was die prosedure wat gevolg was? -- 'n Persoon sou byvoorbeeld 'n teken gegee het dat hy iets gesê het aangaande 'n sekere resoluksie. Dan sal daardie persoon 'n kans gegee word en sê wat die resoluksie is wat die persoon voorstel. (20) Die voorstel van die persoon sal dan deur die vergadering as 'n geheel bespreek word. Indien dit so goedgekeur word, sal daardie resoluksie aanvaar word. As dit aanvaar is, sal dit neergeskryf word.

Is daar op die vergadering resolusies aanvaar? -- Ja.

En is die resolusies wat aanvaar is neergeskryf? -- Ja.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Deur wie? -- Van ons wat by die tafel gesit het, het dit geskryf. Ek is nie seker of dit deur Thabiso Ratsomo gedoen was of Kgaka nie, maar een van die persone daar was instruksies gegee om dit neer te skryf. (30)

MNR. HANEKOM : Jy sê met ander woorde of beskuldigde nr. 22

... / of

of Mike Kgaka? -- Ja.

Nadat al die resolusies wat aanvaar is neergeskryf is is dit weer uitgelees aan die vergadering? -- Ja, dit was uitgelees aan die vergadering sodat die mense kon weet wat die resolusies is.

Ek wil aan u 'n dokument toon, dit is BEWYSSTUK AN (13). Is dit die resolusies wat daar aanvaar is? -- Ja, dit is die resolusies wat daar geneem was.

Is dit ook korrek dat die oorspronklike van hierdie dokument is een wat in u besit gevind is later? -- As dit (10) die een is wat by gevind is, is dit die een wat my handtekening op het.

HCF : Kyk 'n bietjie na die dokument wat voor my geplaas is. -- Ek stem saam met die inhoud van die dokument, dat dit die resolusies is wat daar aanvaar is.

Is u handtekening op daardie dokument? -- Nee.

MNR. HANEKOM : Die dokument wat u sê wat u handtekening dra, is dit identies met die dokument voor u of wyk hierdie een af van daardie een? -- Wat ek daarby bedoel is, om die een te identifiseer wat spesifiek in my besit gevind was, sal 'n (20) mens my handtekening daarop sien. Andersins is die inhoud dieselfde as hierdie een voor my.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Mnr. Hanekom, sal u net vasstel oor die handskrif op hierdie dokument.

MNR. HANEKOM : U sien die dokument is getik en dan is daar ook party plekke met die hand ingeskryf?-- Ja.

Weet u wie se handskrif dit is? -- Nee, ek weet nie wie se handskrif dit is nie. Wat ek wel van bewus is, is dat daar met die hand geskryf was om die ding volledig te kry.

Is u getuienis dat die resolusies wat aanvaar is, is (30) soos dit hier getik is plus die handgeskrewe wysiging? -- Ja,

... / dit

dit is dieselfde ding.

Ek gaan u nie vra om die dokument uit te lees nie. Ek wil net na 'n paar aspekte daarvan verwys. Die stuk begin deur te sê dat daar besluit is om 'n Civic Association te stig. Is dit reg? Is dit besluit daar? -- Ja, dit is so.

HOF : Ek het die indruk, mnr. Hanekom, asof die dokument al behandel is en daar toe geen geskil was oor die dokument nie. U kan nou maar hom lei en vinnig gaan totdat mnr. Bizos u stop.

MNR. HANEKOM : Daar is besluit dat die organisasie wat (10) daardie dag daar gestig gaan word, gaan bekend staan as Vaal Civic Association? -- Ja.

Dan sien ek onder aan die dokument is met die hand ingeskryf die vereniging sal affilieer met UDF. -- Ja, dit is so.

Terwyl ons op hierdie aspek is, het die vereniging later geaffilieer met UDF? -- Ja, na hierdie resoluie het hy.

Dan so in die middel van die bladsy is 'n resoluie "We resolve to condemn the community councils as puppet bodies and to boycott the Black local authorities elections, since we believe that nothing would be achieved by voting." Kan (20) u net uitbrei met wat bedoel word met hierdie resoluie? -- Na daar 'n gesprek uitgevoer was oor hierdie aangeleentheid was die besluit dat die raadslede nie vir die gemeenskap nodig is nie. Dit is na dit nou duidelik geword het dat die mense doen eintlik niks vir die gemeenskap nie en die korrupsie wat daar is tussen die raadslede. Om daardie rede het die gemeenskap toe 'n besluit geneem dat dit niks te doene wil hê met hierdie tipe mense nie.

Dan so 'n entjie onder toe is 'n resoluie "To form area committees of the association." Wat was die belang daarvan (30) om gebiedskomitees te stig? -- Dit is omrede ons hierdie dag

... / ooreengekom

ooreengekom het dat Vaal Civic Association gestig word wat dan te doene sal hê oor die hele Vaal. As gevolg daarvan was dit nodig geag om verskillende mense te hê wat dan sekere pligte sal moet uitvoer vir die verskillende take. Die mense sou begin het met klein klompies mense om die hele Civic Association te laat sterk formuleer.

Dan sluit die dokument af met "We pledge to strive for the unity of our people under the banner of the Vaal Civic Association to strive for co-operation and unity with our people in other areas of our country and to co-operate (10) with genuine people's organisations in the country." Dit verwys op twee plekke daar na "our people". Na wie verwys dit? -- Dit verduidelik dat daar Swartmense is. Dit is nie 'n kwessie van dat ons net ons probleme gaan beveg daar nie, maar al die probleme van al die Swartgemeenskappe, want dit wat vir my as 'n Swartmens 'n probleem is, is 'n probleem vir nog 'n ander Swartmens.

Dan die verwysing daar na samewerking met ander "genuine people's organisations in the country", wat word daarmee bedoel? -- Die rede is omdat daar so baie organisasies is (20) wat daagliks gestig word en as 'n mens dit volg, vind jy dat van hulle het niks te doene met die mense se probleme nie. In hierdie geval is die sin dat ons in aanraking moet kom met die organisasies wat te doene het met die Swartmense se probleme.

HCF : Van 'n besondere politieke siening of nie? -- Nie van 'n politieke siening alleen nie, maar waar ons dit nodig ag en sien dat dit te doene het met die Swartmense se probleme.

MNR. HANEKOM : Sou die VCA dan 'n oorkoepelende organisasie wees vir al hierdie ander organisasies of is daar 'n ander (30) oorkoepelende organisasie? -- Soos dit nou daar genoem word

... / in

in dieselfde bewysstuk, waar hulle sê VCA moet affilieer met UDF. Die rede is dat na die affiliëring met UDF sal VCA dan in staat wees om in aanraking te kom met ander organisasies wat ook geaffilieer is met UDF.

HCF : Is dit wat bedoel word met "genuine people's organisations"? -- Ja.

MNR. HANEKOM : Nadat die resolusies aanvaar is, is daar 'n bestuur gekies vir die nuwe organisasie? -- Ja.

Het die verkiesing verloop soos Esau die vorige dag op die 8ste se voorbereidings gesê het die verkiesing moes (10) verloop? -- Die prosedure wat daar gevolg was, is dat die mense die hand in die lug moet hou as hulle iemand het wat hulle wil voorstel wat gekies moet word.

HCF: Eintlik wat die advokaat wil hê, is was die uitslag soos wat u wou gehad het? -- Dit sal ek nie weet nie, want ek was nie bewus van die name van persone wat hy in gedagte gehad het tot hy die voorstel gemaak het die vorige dag nie, maar wat ek kan sê is, hy was tevrede gewees miskien met die mense wat daar gekies was. Van die mense daar is gekies.

MNR. HANEKOM : Wie is gekies as voorsitter? -- Ek was (20) gekies as 'n voorsitter.

En as ondervoorsitter? -- Esau Raditsela.

Sekretaris? -- Johnny Motete.

Assistent-sekretaris? -- Mike Kgaka.

Tesourier? -- Thabiso Ratsomo.

Beskuldigde nr. 22? -- Ja.

Was daar iemand gekies vir Gebied 7? -- Ja, Edith Lethlake.

Vir Evaton? -- Tebogo Mosieleng.

Gebied 3? -- Bavumile Vilakazi.

Beskuldigde nr. 10. -- Ja. (30)

Gebied 14? -- Ek onthou net die van van daardie een. Dit



is Moloisane.

Gebied 12? -- Ek onthou ook net sy van, Matsobane.

Sharpeville? -- Mpadi Sekgoto.

En dan vir die hostel van die Vaal? -- Thembekile Sahluko.

Vir die ander gebiede, kan u hulle onthou of is dit al wat u kan onthou? -- Van die ander gebiede kan ek nie die name onthou nie.

Na die verkiesing het u as voorsitter 'n rede gelewer?  
-- Na die verkiesing daar het ek onmiddellik opgestaan as gevolg van die feit dat ek gekies was die voorsitter van hierdie (10) organisasie en toe die mense daar toegesprek oor die tipe werk wat ons moet doen en hoe die vordering gedoen moet word in die sin dat ons die vordering moet probeer doen van die doel en die samewerking. Ek het toe die gehoor ook daar laat verstaan dat ons ons bes sal doen met die lede wat saam met my gekies was.

As u moet opsom, het u aan die mense gesê wat die hoofdoelstelling van die organisasie sal wees? Die hoofoogmerk?  
-- Wat ek gesê het is dat die resolusies alreeds aanvaar (20) en die mense wat hierdie vergadering laat staan het het geweet wat die rede daarvoor was. Ons is nou gekies en die mense het gesê wat hulle probleme is. Al wat ek vir die mense gesê het is, ek en die lede saam met wie ek gaan werk, sal ons bes doen vir hulle om die probleme opgelos te kry.

Nadat die vergadering uiteen is, het u die nuwe bestuur versoek om agter te bly? -- Ja.

HOF : In die kerk of elders? -- In die kerk.

MNR. HANEKOM : Afgesien daarvan en dit sal seker nie betwis word nie, dat u hulle name en adresse geneem het, het u (30) ook ander sake met hulle bespreek? -- Dit is net die name en  
... / adresse

adresse wat hulle moes gegee het en dan moes ons gereël het wanneer gaan ons weer bymekaar kom.

Het u op daardie stadium enige riglyne gegee oor hoe hulle moes te werk gaan? -- Ja, ek het vir hulle gesê "Kyk, die resolusies is nou soos volg: Julle moet nou onmiddellik begin met die stigting van 'area committees'." Ek het toe vir hulle gesê om dit reg te kry moet hulle eers vergaderings hou in die huise.

Het u gesê wat bespreek moes word by die vergaderings? -- Omdat die hoofrede was die klagtes van die mense, sou (10) dit die eerste ding gewees het om bespreek te word.

Na hierdie stigtingsvergadering van VCA, hoeveel openbare vergaderings van VCA het u min of meer bygewoon in u hoedanigheid as voorsitter? -- Omtrent vyf massavergaderings.

Is dit reg dat daar was 'n massavergadering teen die einde van Oktober of die begin van November 1983 in die NG Kerk Bophelong? -- Dit is so.

Wat u bygewoon het as voorsitter? -- Ja.

Wat was die doel van die vergadering? -- Dit was om die inwoners van Bophelong se lokasie te ontmoet. Nadat ons (20) met hulle 'n gesprek gevoer het, sou ons 'n areakomitee gekies het.

Was u self 'n spreker op die vergadering? -- Ja, ek was.

Waaroor in hooftrekke het u toespraak gegaan? -- Ek het eers die mense van Bophelong laat weet van hierdie Vaal Civic Association wat gestig is en aan hulle verduidelik hoekom dit nodig is vir die stigting van hierdie tipe vereniging en hulle ook bewus gemaak van die feit dat hulle ook hulle eie vergadering daar moet hou wat in samewerking gaan wees met hierdie een van ons. Dit het ek gedoen deur hulle aandag te laat (30) vestig op die rede en die feite van hoe 'n mens kan vorder met

... / die

die samewerking van ander mense.

Het u iets gesê oor die komende verkiesing van raadslede?

-- Ja.

Wat het u gesê? -- Die verkiesing was nie meer ver van daardie datum af nie. Ek het baie streng hieroor gepraat oor die gebreke en die onnodigheid van raadslede. Ek het vir die mense gesê dat hulle nie betrokke moet raak of moet deelneem aan hierdie tipe goed nie.

Wat bedoel u met die goed? Wat se goed bedoel u? -- Met verwysing na die raadslede. (10)

HOF : Hulle moenie deel hê aan die verkiesing van die raadslede nie? -- Ja.

MNR. HANEKOM : Wie het benewens u gepraat en ek nie ons gaan praat van mense wat van die vloer af gepraat het in die loop van die vergadering nie? Wie was die ander hoofspreker? -- Johnny Motete.

In kort, waarom het hy gepraat? -- Soos 'n mens wat in Bophelong woonagtig is. Hy was in staat gewees om melding te maak van hierdie probleme van daardie mense in Bophelong. Byvoorbeeld dat hy geweet het van 'n sekere probleem wat (20) daar was wat nie by die ander gedeelte is nie van die Vaal. Een van hulle se probleme wat nie soos die probleme van die ander was nie, was in Bophelong. Die mense daar het nie geweet presies hoeveel betaal hulle huurgeld nie. Dit het gewissel in bedrae. Hierdie maand betaal jy iets en volgende maand betaal jy 'n verskillende bedrag. Wat dan later veroorsaak het, voor die mense huurgelde betaal het, moes hulle eers navrae gaan doen het by die kantore om te verneem hoeveel hulle moet betaal vir daardie maand.

Behalwe Johnny Motete, wie het nog gepraat? -- Bavu- (30) mile Vilakazi.

... / Beskuldigde

Beskuldigde nr. 10. Waaroor het hy gepraat? -- Hy het gepraat oor die Black Local Authorities Act.

Wat het hy daarvoor gesê? -- Hy het in breë trekke verduidelik oor die werk van die raadslede en die manier waarop dit verwag word dat hulle moet werk. Hy het toe weer uitgewys op die gebreke van hulle. Hy het ook vir die mense gesê hulle moet nie deelneem of inmeng met hulle nie.

Wat is die gebreke wat hy uitgewys het? -- Oor die algemene probleme van die mense, want mense se probleme was min of meer dieselfde van plek tot plek. (10)

Ek het u verstaan hy het gepraat oor die gebreke van die Black Local Authorities Act? -- Nee, toe hy gepraat het van die gebreke, het hy gepraat van die gebreke van die raadslede.

Wat was dit? -- Ek het alreeds daarvan gepraat. Byvoorbeeld korrupsie tussen hulle, mense wat uit die huise uitgesit word, vernaam die weduwees en hierdie ding van die raadslede dat hulle nie met die gemeenskap praat oor sekere dinge nie en dan word daar later net aan die mense 'n papier gestuur wat 'n kennisgewing bevat. As hulle besluit om huurgelde (20) te verhoog, praat hulle nie met die gemeenskap nie. Hulle stuur net papiere met kennisgewings. Dit is waarna ek verwys het as probleme en gebreke van die mense.

Is daar toe na afloop van hierdie vergadering 'n gebiedskomitee vir daardie gebied gekies? -- Ja.

Kan u onthou wie gekies was? -- Ek kan nie meer presies onthou wie almal gekies was nie, maar ek onthou van twee persone. Ene Vilakazi van Bophelong en die tweede een is Mbongo.

Dan was daar ook 'n openbare vergadering van VCA in (30) November 1983 in die Rooms-Katolieke Kerk in Gebied 12.

... / Onthou

Onthou u dit? -- Ja.

Kan u onthou wanneer in November dit was, die dag? -- Al wat ek onthou is dit was in Novembermaand. Wat die datum was kan ek nie onthou nie.

Ek toon aan u BEWYSSSTUK AN(15). Is dit die uitnodiging na die vergadering? -- Ja.

En daarvolgens was die datum 27 November? -- Ja, dit is korrek.

Volgens die kennisgewing sou die sprekers wees uself, Aubrey Mokoena en Elliot Shabangu? -- Ja, dit is so. (10)

Het u self en hierdie ander twee persone wel opgetree as sprekers by die vergadering? -- Ja, behalwe Aubrey Mokoena. 'n Ander spreker was Curtis Nkondo.

Verstaan ek dat hy gepraat het in die plek van Aubrey Mokoena? -- Ja.

As u moet sê wat was die hoofmerk van hierdie vergadering? -- Een van die redes hoekom hierdie vergadering gehou was, omdat 'n paar dae voor die vergadering was daar omsendbriewe gewees van die administrasieraad waarin hulle gesê het die kerke moenie toelaat dat Vaal Civic Association, Trade (20) Unions vergaderings hou in die kerkgeboue nie. Hy het toe verder gesê as hierdie kerke dit gaan toelaat dat so 'n vergadering gehou word, die "leasehold" van daardie kerke gekanselleer gaan word en daardie kerke sal daarvandaan verwyder word.

Waaroor het u eie toespraak gehandel by die vergadering? -- Ek het baie gepraat oor die nodigheid van kerke in die gemeenskap. Byvoorbeeld deur te sê as die kerkgebou so staan tussen die gemeenskap is dit nie net vir die predikant nie, maar dit is die kerk vir die gemeenskap. Tweedens, as die (30) gemeenskap dit nodig ag om die kerkgebou te gebruik op die

... / manier

manier of op daardie wyse wat na verwys word, is hulle gereg-  
tig daarop en verder, hierdie ding van hulle dat die kerke  
gebruik moet word vir hierdie tipe doele, is dit 'n sekere  
manier wat die Administrasieraad nou besluit het om te gebruik  
om ons monde toe te maak, want behalwe die kerke is daar geen  
ander plek of fasiliteit waar die mense bymekaar kan kom met  
vryheid nie.

Mnr. Curtis Nkondo, waarom het hy gepraat? -- Soos  
gewoonlik oor die onderwys. Op die ou end het hy ook gepraat  
van hierdie kerke se geval. (10)

En Elliot Shabangu, waarom het hy gepraat? -- Hy het  
ook gepraat van mense se probleme en hoe hulle verplig is om  
mekaar te help en aangemoedig dat die mense bymekaar moet kom  
en bymekaar staan oor hierdie aangeleentheid van kerke, dat  
hulle dan die probleem kan oplos met hulle ooreenkoms oor  
die sekere feite wat die kerke behels.

Het daar op die vergadering ook 'n predikant gepraat  
oor hierdie onderwerp wat nie 'n voorafgereelde spreker was  
nie? -- Ja, dit is so.

Wie was hy? -- Tebogo Moselane. (20)

Beskuldigde nr. 3? -- Ja.

Waarom het hy gepraat? -- Soos dit alreeds deur u gesê  
was, was hy nie een van die sprekers wat genoem was in hierdie  
geval nie, met sy aankoms by hierdie vergadering, toe ek bewus  
geword het van sy teenwoordigheid, het ek hom versoek om vir  
ons 'n woord te gee aangesien ons nou hier praat van die probleme  
van die kerke.

En het hy toe daarvoor gepraat? -- Ja, baie kortliks.  
In sy gesprek het hy gepraat van die predikante, dat hy die  
predikante aangemoedig het, dat dit nodig was vir die pre- (30)  
dikante om bymekaar te kom, dat ons ook maar in staat kan wees

... / om

om hierdie probleme van ons te kan oplos wat op ons as predikante gemik is en te werk gaan om hierdie gemeenskap te help wat ons lei.

Is dit reg dat beskuldigde nr. 3 het in die loop van die vergadering daar opgedaag? Hy was nie van die begin af daar nie? -- Ja, toe hy daar aangekom het, was die vergadering reeds aan die gang. Hy was in die geselskap van mnr. Tom Manthata.

Beskuldigde nr. 16. Het beskuldigde nr. 16 ook gepraat (10) of nie? -- Nee, hy het nie gepraat nie.

U het gesê beskuldigde nr. 3 het gepraat oor hoe die gemeenskap gehelp moes word. Het hy uitgebrei daarop? -- Nee, hy het nie daarop uitgebrei nie, maar sy woorde was in die sin gebruik dat die probleme van die gemeente, is die probleme van die predikant van daardie gemeente.

Dan was daar ook 'n openbare vergadering van VCA in dieselfde kerk. -- Ja.

Kan u onthou wanneer hy was? -- Dit was in die begin van die jaar 1984. (20)

Is u in staat om 'n nader datum te bepaal of nie? -- Ek is nie in staat nie.

Wat was die doel van hierdie vergadering? -- Dit was met die doel om te probeer lede kry vir VCA en dan ook 'n bespreking van hierdie probleme wat aangegaan het om besef te word.

HOF : Laat ons net duidelikheid kry. Ons het nou twee soorte probleme. Die een soort probleem is die probleem dat die kerke dalk gesluit sal word. Die ander soort probleem is die algemene probleme van die gemeenskap. Watter probleme praat u van? -- Dit is die algemene probleme van die gemeenskap. (30)

MNR. HANEKOM : Kan u onthou wie as sprekers by hierdie

... / vergadering

vergadering opgetree het? -- Dit is nou een van die vergaderings wat ek nie so goed kan onthou nie. Hierdie vergadering het nie so 'n goeie vordering gehad soos die ander nie.

Dan was daar 'n openbare vergadering van VCA in die Rooms-katolieke Kerk in Small Farms. Kan u dit onthou? -- Ja, dit is so.

Wanneer was dit? -- Dit was ook daar naby die begin van die jaar 1984. Ek kan net nie die datums onthou nie.

Wie het eintlik die vergadering georganiseer en beplan? -- Esau Raditsela, Dorcas Raditsela en Edith Lethlake.. (10)  
Die doel van hierdie vergadering was om vroumense bymekaar te kry en dat hulle hulle eie organisasies sal moet begin.

'n Organisasie losstaande van VCA of as deel van VCA? -- 'n Losstaande organisasie wat ook maar in samewerking gaan wees met VCA.

Waarom is dit besluit dat daar so 'n organisasie moet wees? -- Dit was gevind dat daar vroue-organisasies was wat bestaan het destyds, maar dit het nie te doene gehad met "day to day problems" van die gemeenskap nie. Byvoorbeeld YWCA wat 'n streng almanak het vir die jaar en vir bepaalde tye (20) en wat gedoen word op bepaalde tye. So 'n organisasie is nie "flexible" nie. Dit kan nie die mense se daaglike probleme ook akkommodeer nie.

Wat bedoel u met "day to day problems"? -- Daaglikse probleme, byvoorbeeld daar is 'n oop stuk veld en iemand het daar gaan graawe om grond te kry en een dag as dit reën is daardie gat wat hy gegraawe het vol water en 'n kind gaan verdrink want die plek is nie afgekamp nie. Byvoorbeeld, die tweede rede is, hier sit 'n vroumens in die huis in. Die man is weg werk toe en die mense kom sommer in die loop van die dag (30) en sê "Man, julle skuld huurgeld hier. Julle word uit die

... / huis



huis gesit.

Was daar 'n bespreking oor of hierdie "day to day problems" in die organisasie aangewend moes word vir een of ander doel of glad nie? -- Wat bespreek was daar was dat die vroumense moet op hulle eie staan en nie na die mans kyk om hierdie dinge te doen vir hulle nie, want daar is sekere probleme wat kan begin en die probleme kan maklik deur vroumense opgelos word.

Wie was die sprekers by die vergadering? -- Ek was een van hulle. (10)

Waaroor het u gepraat? -- Aanmoediging van vroumense dat ons hulle nodig het om hierdie probleme te baklei, dit is die probleme wat ons kry. Ek het 'n voorbeeld gemaak van die kinders wat verdrink in plekke wat nie toegekamp is nie en die skoolkinders wat in die strate is orals gedurende skoolure en dan loop hulle met ou mense of ouer mense as wat hulle is in die dranksmokkelhuise. Ek het toe 'n voorstel gemaak en gesê dat sulke probleme is probleme wat deur vroumense opgelos kan word, want hulle is meeste van die tyd tuis.

Wie behalwe u het nog gepraat? -- Amanda Kwadi. (20)

Was sy van enige organisasie? -- Ja, sy kom van 'n organisasie bekend as FEDSAW.

Waarvoor staan FEDSAW?-- Dit is 'n organisasie van vroumense.

Ek dink dit sal nie betwis word nie, dit is Federation of South African Women? -- Ja.

Waaroor het sy gepraat? -- Sy het gepraat van die verlede waar vroumense opgestaan het en deelgeneem het saam met die manspersone om hulle behulpsaam te wees ten opsigte van die probleme wat hulle destyds gehad het. Byvoorbeeld die tyd (30) wat die vroumense gemarsjeer het na Pretoria toe. Sy het

... / gesê

gesê vroumense is nie net daar om te sit en niks doen nie. Hulle moet hulleself op hoogte hou met dinge. 'n Kind se moeder vat 'n mes aan die skerp kant of aan die lem.

Het sy gesê hoe die vroue moet opstaan, wat hulle moet doen? -- Sy het nie spesifiek gesê wat hulle moet doen nie, maar al wat sy gesê het, was hulle moet hulleself assosieer met dit wat gebeur het, naamlik die probleme en hulle moenie terugstaan en sê hulle is vroumense, hulle kan nie daarby uitkom nie, want daar is baie vroumense in die verlede wat opgestaan het en baklei het met die probleme van die gemeenskap.(10)

Was daar nog sprekers? -- Edith Lethlake, ja.

Waaroor het sy gepraat of namens watter organisasie eerstens? -- As 'n lid van VCA.

Waaroor het sy gepraat? -- Sy het baie in haar toespraak gepraat oor die huurgelde wat verhoog word, deur te sê die huurgelde word verhoog, maar mense se inkomste word nie verhoog nie. As kinders skool toe gaan is mense verplig om daarvoor te betaal. As hierdie fooie of gelde betaal word en die gelde word daaglik verhoog, op die ou end het die ouers nie genoeg geld of kan nie bekostig om te betaal nie.(20)

K95 Dus het sy die vroumense daar aangemoedig om hulleself te identifiseer met wat gebeur het, saam met hulle mans.

Het sy die skuld vir die verhoging van huurgeld op enige instansie of persone geplaas? -- Ja. In haar toespraak het sy gesê mense wat hierdie huurgelde verhoog, is die raadslede. Sy het toe verder gesê as ons deelneem en hulle steun, dit is die raadslede steun, steun ons dat probleme na ons toe moet kom.

Het daar nog 'n spreker opgetree? -- Aubrey Mokoena, ja. Hy is van Release Mandela. (30)

Waaroor het hy gepraat? -- Hy het breedvoerig verduidelik

... / oor

oor die Release Mandela Campaign en hoekom dit bestaan en waarvoor dit staan.

Hoe het hy dit verduidelik? In kort waarvoor bestaan dit? -- Hy het gesê hierdie kampanje staan vir die mense wat ons as leiers beskou tussen ons en hierdie mense is opgesluit. Die kampanje is om dit bekend te maak aan die wêreld dat hierdie mense nog steeds opgesluit is en ons in die gemeenskap wat buite is, wil hê dat daardie mense losgelaat word.

Waaroor het hy nog gepraat? -- Hy het toe daar gepraat, iets soos 'n resitaal. (10)

HOF : 'n "Recital"? -- 'n "Recital."

'n Voordrag? -- Ja. Toe hy dit gedoen het, was hierdie lied gesing Senzenina. Dit was baie sag gesing gewees. (Die getuie beskrywe dit as humming)

Is dit dan so dat hy 'n voordrag lewer en terwyl hy die voordrag lewer is daar as agtergrondmusiek die lied geneurie eintlik? -- Ja.

MNR. HANEKOM : Wie het dit geneurie? Die gehoor? -- Die gehoor, ja.

Kan u onthou waaroor sy voordrag gegaan het? -- Ek sal (20) nie alles kan onthou nie, maar dit het iets te doen met die name van persone wat opgesluit is.

Noem voorbeelde wat u kan onthou? -- Mense soos Nelson Mandela, Walter Sisulu, Govan Mbeki en andere.

Is daar op hierdie vergadering resolusies aanvaar? -- Ja, daar is.

Kan u onthou wat dit was? -- Ek sal nie alles kan onthou nie. Dit was resolusies byvoorbeeld soos volg. Formulering van vrouensorganisasies wat sal bekend staan as Vaal Organisation of Women. Dit sal saam met VCA werk. Dit sal ook (30) moet affilieer met die vrouens se organisasie FEDSAW. Met

... / ander

ander woorde aan die UDF is hierdie organisasie geaffilieer omdat VCA geaffilieer is en dat hierdie organisasie sal saam werk met ander organisasies aangaande die vordering.

Wat se vordering verwys u nou na? -- Progressive Organisations.

HOF : Wat is Progressive Organisations? -- Dit is die organisasies wat eintlik te doen het met mense se probleme, wat dan toesien ook dat die mense bymekaar staan, wat eintlik 'n eenheid van mense kan laat staan.

MNR. HANEKOM : Kan u 'n paar voorbeelde gee van mense wat (10) beskou is as Progressive Organisations? -- Moet ek nou name gee van sulke organisasies?

Ja? -- Soos Vaal Civic Association wat in die algemeen te doene het met die gemeenskap se algemene probleme. Dit is nie 'n organisasie wat net te doen het met 'n sekere ding nie.

Behalwe VCA kan u nog noem? -- Trade Unions.

Kan u spesifiekes as voorbeelde noem? -- Ek is nie in staat om dit te doen nie. Al wat ek kan sê is, dit is die organisasies wat ek beskou as Progressive Organisations.

HOF : 'n Vakbond het tog eintlik net met 'n sekere seksie (20) van die mense se sake te doen en eintlik binne die werksverband. Waarom noem u dit 'n Progressive Organisation? -- Dit het te doen met die probleme van die werkers. Die probleme van die werkers het te doen met die hele gemeenskap, want as die werkers probleme ondervind by hulle werk, slaan dit terug na hulle gesinne en die mense se gesinne vorm 'n gedeelte van die gemeenskap as 'n geheel. In daardie verband is dit dan betrokke by die hele gemeenskap.

MNR. HANEKOM : Afgesien van die vakbonde, kan u nog een of twee van die ander organisasies noem wat u beskou as pro- (30) gressief? -- Ek kan in breë trekke sê die organisasies wat

... / die

die geaffilieerdes is van UDF.

Ek wil verhoed om 'n lang relaas daarvan te kry, maar hoekom sê u so? Hoekom beskou u daardie kategorie van organisasies as die progressiewe organisasies? -- Soos ek alreeds gesê het, daardie organisasies het te doene met die probleme van die gemeenskap en mense wat te doene het met die probleme van die gemeenskap, dit is die mense wat eintlik te doene het met die vordering van die hele gemeenskap in die geheel. Met ander woorde, hulle hoofdoel is om toe te sien dat die gemeenskap 'n goeie vordering maak en nie terugretireer nie. (10)

HOF : 'n Kerkgenootskap, sou dit 'n Progressive Organisation wees? Kom ons sê 'n gemeente sou dit 'n "progressive organisation" wees? -- Ek sal nie so sê nie, want in die kerk, die gemeente in die kerk het net te doen met die "worship".

Hulle doel is nie gemik op die algemene probleme van die mense nie.

MNR. HANEKOM : U gegruik baie die woord "vordering", die "vordering van die gemeenskap", wat bedoel u daarmee? Hoe moet die mense vorder? -- Wat ek daarby bedoel is, byvoorbeeld 'n mens het 'n probleem en hy weet hy het 'n probleem en daar (20) is niks wat hy doen om daardie probleem uit die weg te kry nie, in vergelyking met die persoon wat iets doen om die probleem weg te kry. Daardie persoon vorder darem, omdat die persoon iets gedoen het om die ding uit die weg te kry. Met die gevolg die ding wat nou in sy pad gestaan het, om 'n sekere iets te bereik, is nou weg van sy pad af. Hy kan nou vorder.

As ons dit van toepassing moet maak op die organisasie waarvan u voorsitter was, die VCA, watter probleme of hoofprobleem wou die VCA uit die weg ruim en hoe wou hulle dit doen? -- Daar is baie probleme wat in die pad van die VCA was. (30)  
Die eerste probleem wat ons gehad het by ons mense was dat

... / daar

daar 'n ooreenstemming of 'n bymekaar kom van mense was om 'n eenheid te vorm nie. As 'n mens vind dat daar probleme is vir hierdie mense, maar die mense kom nie bymekaar om 'n eenheid te vorm nie om dit uit die weg te kry nie, elkeen staan apart op sy eie. Hier het ons daarin geslaag om vir die mense te wys en die mense te oorreed dat as ons ooreenkom met die eenheid, dan gee eenheid meer krag.

Nadat u eie organisasie, die VCA tot stand gekom het, wat het u met die eenheid gemaak wat u verkry het? -- Om dit baas te raak, om mense bymekaar te kry om 'n eenheid te (10) vorm, is nie 'n kwessie van ure nie. Dit is 'n kwessie van 'n lang tydperk en dit is vir een nodig om die mense bymekaar te roep sodat hulle bewus kan word van die feit dat dit nodig is dat ons af en toe bymekaar moet kom. Dit is nie 'n kort ding dat 'n mens kan sê nou is ek klaar met hierdie ding na 'n gesprek wat uitgevoer is en dan kan jy voortgaan met ander dinge nie. In ander woorde, "it is a long term process."

Verstaan ek u dan reg dat wat die VCA betref, in die tyd wat u daar betrokke was, het nog nie begin om die probleme op te los nie? Hulle het nog gesukkel om die eenheid te (20) bou? -- Nie onmiddellik dieselfde tyd nie. Ons sou nie daardie probleme uit die weg gekry het nie, maar die vergadering wat daar was, dit is in die tyd wat die VCA begin het, se bestaan was duidelik gewees net oor die verkiesing van die raadslede. Die effek daarvan was gesien die dag van die verkiesing dat min mense gegaan het na die kiespunte toe. Tot 'n mate het hulle ook die pensioenarisse gaan haal om deel te gaan neem aan die verkiesings. Die meerderheid van die mense het geen ag daarop geslaan nie. Hulle het nie deelgeneem nie. Ongelukkig kan ek nie van persentasies praat (30) nie, want ek het nie die statistieke by my nie.

... / Het

Het u en u onder-voorsitter Esau ooit bespreek hoe die VCA te werk sou gaan om die probleme op te los? -- Ja, ons het.

Wat was die bespreking? -- Wat van belang was, was om die "first hand information" te kry van die bestaande probleme. In daardie opsig was daar probleme gewees tussen my en my assistent. Byvoorbeeld ek aanvaar nie die raadslede as mense wat namens my kan optree nie, maar omdat hulle nou die mense is wat die probleme veroorsaak, was my gevoel dat hulle genader moet word "they should be challenged" met die probleme wat (10) hulle vir ons veroorsaak het. As gevolg daarvan dat ek daardie voorstel gemaak het, het ek en my assistent toe nie saamgestaan nie.

HOF : Die assistent, is dit nou Esau Raditsela? -- Esau Raditsela. Ons het toe nie op daardie punt ooreengekom nie.

Wat het hy gedink? -- Sy gevoel was ons moenie met die mense gaan praat nie, want volgens hom, as ons met die mense gaan praat, dan beteken dit dat ons die mense aanvaar. Dit was die probleem tussen my en hom.

MNR. HANEKOM : Dit was die probleem tussen u as voorsitter (20) en hy as onder-voorsitter. Wat was die beleid van die organisasie, van die VCA in daardie verband? -- Ons het daarvan gepraat in een van ons vergaderings, in een van die "interim committees". Op die punt het ons verskil, want die gevoel was, van die lede het gevoel dat as ons na die mense toe gaan, beteken dit met ander woorde ons aanvaar hulle. My probleem het ontstaan, as ons nou die klagtes van die mense gekry het, dit is die gemeenskap, indien dit die geval is, wat maak ons met daardie probleem. Dit is nou die ding wat veroorsaak het dat ons nie kon balanseer met die gedagtes en die ooreen- (30) koms nie.

... / Watter

Watter standpunt het geseëvier in die komiteevergadering, u standpunt of die ander mense se standpunt? -- Daar was nie 'n besluit geneem hieroor nie, maar wat ek wel vir die Hof kan sê is, die meerderheid in daardie vergadering was die wat gesê het ons moenie na die mense toe gaan nie.

Wat was daardie meerderheid se standpunt? Hoe moes die probleme opgelos word? -- Hulle gevoel was "the councillors should be exposed for what they are." Dat dit vir almal duidelik kan word dat daar niks is wat hulle kan doen nie. Dat hulle op die ou end niks te doene het nie, omdat hulle (10) geen mense sal hê wat na hulle toe sou gaan of wat hulle sou steun nie.

HCF : Maar hoe kom daar nou 'n draad om die gat water? -- Dit het ek genoem as 'n voorbeeld, want as mense nou gegrawe het daar miskien het hulle gaan bou of iets gedoen met die grond, dan los hulle 'n groot gat en daar is water wat in daardie gat gehou word deur die reën miskien, sal die kinders in daardie water gaan swem, want daar is geen swembad nie.

Ek noem dit ook as 'n voorbeeld. Hoe kom daar nou 'n draad om die gat water as die VCA nie gaan praat met die (20) raadslede nie? -- Dit is juis my punt wat ek sê, dit is hoekom ek gesê het "They must be challenged" en ons moet hulle laat verstaan wat die klagte is aangaande dit, sodat ons vir hulle kan sê maar dit is een van die mense se klagtes, dat hulle kan sien wat om te doen daaromtrent.

Maar wat was die meerderheid se gevoel? Hoe moet hulle daardie soort van probleem oplos op hulle manier? -- Dit is hoekom ek gesê het die gevoel van die meerderheid was dat die mense "they should be exposed." Sodat almal kan sien dat hulle niks beteken nie. Met dit sal hulle bestaan dan (30) vaar en dan het hulle niemand wat saam met hulle staan en

... / hulle



hulle steun nie.

Dan is die volgende vraag nog, hoe kom daar 'n draad om die gat water? -- In die algemeen, in die Swartgemeenskap is raadslede nie aanvaar as leiers nie en as hulle gaan val, gaan die regering eers bewus word dat hulle geval het en dan moet hulle nou iets doen. Wat hulle dan sou gedoen het, was om direk in verbinding te tree met die gemeenskap, dat die gemeenskap dan vir die regering kan sê wat die mense se klagtes is, wat die probleme is. Dan sou die owerhede gehoor het direk van die gemeenskap wat die klagtes is en dan sou hulle 'n (10) voorstel gemaak het wat gedoen moet word, wat deur die gemeenskap aanvaar word, nie deur middel van raadslede nie. Die gevoel was dat die owerhede net vir ons mense gegee het wat hulle dink wat reg is of wat hulle voel reg vir ons is. Hulle het nie navraag gedoen by ons nie, om te verneem wat ons gevoelens gaan wees aangaande hierdie aangeleentheid nie. Met die gevolg is, hulle moet bewus gemaak word.

Maar dan gaan dit mos nie eintlik by die VCA om die oplossing van die plaaslike klein probleme nie. Die probleem - die doel van die VCA was om op 'n groter politieke vlak (20) inslag te vind? -- Soos ek reeds gesê het, die VCA het nie net bestaan vir die mense van die Vaal nie. VCA het bestaan vir probleme wat kan uitspruit van die Vaal af en soos ek alreeds gesê het, 'n Swartman se probleem is elkeen se probleem, hetsy die persoon miskien aan die Rand is, of in Pretoria of in Port Elizabeth. Daardie probleem wat hy daar het, raak my ook in die VCA en daar moet nou 'n ondersoek ingestel word waar is die oorsprong van die hele ding. Tot by die oorsprong van die hele ding moet dit opgevolg word, hoe dit hele probleem ontstaan het. Dan sou die mense die nodige stappe geneem (30) het wat dan tot by die owerhede sou uitgekome het.

... / Wat

Wat sê u was die oorsprong van die probleem? -- Wat ek gesê het, is hierdie probleem begin in 'n gesin. Dit raak eers daardie gesin. Van daardie gesin af sal dit die gemeenskap in daardie omgewing raak en van daardie omgewing, spesifieke omgewing, gaan dit naderhand die hele land se gemeenskap raak.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

K96

LORD ELDORADO RIGHTEOUSNESS MacCAMEL, nog onder eed

ONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM (vervolg) : Voor die ver- (10)  
daging het ons gepraat van die probleme tussen u en Esau wat standpunt betref, hoe die probleme opgelos moes word. Ek wil net een aspek in daardie verband met u nog behandel. Ek verwys na BEWYSSTUK AN(15)8. Dit is die uitnodiging na die vergadering van 27 November 1983. Dit was uitgereik deur VCA en dan staan daar in groot letters "Do not vote is our call." Dan so 'n entjie onder toe staan "Vaal Civic Association" en dan 'n paar "demands". Die laaste twee is "Condemn the community council as puppet bodies. Ask our people not to vote because nothing would be achieved. Do not vote for(20) people who are interested in their pockets." Dit in aansluiting by die vrae wat ek en die Hof net voor die verdaging vir u gevra het, is dit ooit bespreek wat die posisie van VCA sou wees as die hele gemeenskapsraadstelsel oneffektief gemaak sou word? As hy nie kon funksioneer nie? -- Die besluit daaromtrent was dat die raadslede word nie deur die gemeenskap aanvaar nie. Die sisteem van die raadslede. Nie die raadslid alleen nie. Met die gevolg was dit nodig gewees dat die gemeenskap moet daarvan bewus word dat die raadslede se steun as geheel, doen niks vir die gemeenskap nie, met die gevolg(30) die raadslede se bestaan moet val. Dit was dus nie met die

... / bedoeling

bedoeling dat die VCA nou sal oorneem in plaas van die raadslede nie, want dit sou beteken dat die VCA homself ook nou assosieer met die bestaan van die raadslede wat alreeds geval het. Die doel daarvan was dat die owerhede dan self sal moet kommunikeer met die gemeenskap oor die nodige klagtes of wat ook al dit mag wees wat hulle mee moet praat, dat hulle direk met die gemeenskap praat.

HCF : Wie sou namens die gemeenskap praat? -- Die gemeenskap sou self hulle eie leiers gekies het.

En watter owerhede sou moet praat? Sou dit, wat (10)  
vroer bekend was as die Administrasierade, die Gemeenskapsrade wees of sou dit op 'n hoer vlak moes wees wat moet kom praat? -- Hulle het gepraat van die persone op 'n hoer vlak van die regering.

Is name genoem? -- Name is nie genoem nie. Wat gesê was is mense of die regering sal met die gemeenskap moet praat, nie spesifieke persone nie. Omrede die bestaan van hierdie raadslede as gevolg was van 'n besluit deur die regering.

As u praat van die regering, dan praat u van die sentrale regering, nie van die provinsiale regering nie? -- Ja, ek (20)  
praat van die sentrale regering. Dat hulle geen konsultasies uitgevoer het met die mense om die raadslede te stig nie. Met die gevolg is hulle dus nie aanvaar nie.

MNR. HANEKOM : As die raadslede faal, soos u dit noem, end die gemeenskapsrade kan nie hulle funksies uitoefen nie, wie sou die daaglikse administrasie en die gemeenskapsdiens in die woongebiede moes verrig? -- Dit is juis die punt hoekom die regering met die gemeenskap moes gepraat het daaromtrent, wat dan die oplossing sal wees. Indien daar enige liggaam gestig word, sou daardie liggaam gestig moes gewees het met (30)  
die toestemming van die gemeenskap wat dan 'n gesprek uitgevoer

... / het

het met die regering dat hulle ooreenkom oor daardie liggaam wat dan namens die gemeenskap dinge sal doen.

HOF : Ja, maar kan ek nou duidelikheid kry. Die liggaam wat namens die gemeenskap moet praat, sou dit 'n liggaam wees wat op 'n plaaslike vlak plaaslike probleme hanteer of sou dit 'n liggaam wees wat praat met die regering nie oor plaaslike probleme nie, maar oor algemene probleme, sê byvoorbeeld stemreg of iets of onderwys of iets van daardie aard? -- Dit sou 'n liggaam gewees het wat gestig word met die ooreenstemming tussen die regering en die gemeenskap, wat dan (10) dinge sou gedoen het vir die gemeenskap en in samewerking met die regering, maar met die goedkeuring van die gemeenskap.

Nou is ek nog nie mooi duidelik nie. Praat u nou byvoorbeeld van straat nr. 14 teer of praat u van dinge op nasionale vlak? -- Ons praat van 'n liggaam wat gestig sal word deur die regering met die toestemming van die gemeenskap wat dan by verskillende plekke sou wees om die belange van die gemeenskap by verskillende plekke voor die regering te kon bring.

Dit is een liggaam wat alle gemeenskappe verteenwoordig, nie afsonderlike plaaslike bestuurtries nie? -- Wat ek sê (20) is, na die ooreenstemming tussen die gemeenskap as geheel en uit die sentrale regering sal mense gekies word vir die bestaan van die liggaam wat voorgestel is, dat daardie liggaam by verskillende plekke moet wees en daar optree namens die gemeenskap. Nie dat 'n liggaam gevorm moet word by 'n plek en dan versprei word nie, maar in die algemeen ooreengestem word oor 'n sekere liggaam wat namens die gemeenskap optree in die land.

Die hele land. Met ander woorde daar sou nie wees byvoorbeeld 'n Sebokeng Action Committee nie, maar iets wat (30) die hele land verteenwoordig? -- Wat ek bedoel is, byvoorbeeld

... / soos

soos die munisipaliteit. Die munisipaliteit in Delmas het beheer oor Delmas oor die een in Vereeniging het beheer oor Vereeniging, maar op dieselfde vlak dat daar 'n benaming word van sekere persone wat gekies word in verskillende plekke wat dan die dinge sal behandel vir sekere mense van daardie omgewing waar daardie groep geleë is. Dit wil sê die liggaam is. Dat hy dan daar die uitvoering is van die mense se probleme.

Bedoel u dan, sê nou maar 'n Swart munisipaliteit? -- Ja.

Dit is nie een liggaam wat landswyd werk nie, maar (10)  
verskillende munisipaliteite? -- Ja.

Maar wat ons nou bespreek het, was dit u mening agterna of was dit die mening van die komitee? -- Dit was die gevoel van die komitee, van ons, die lede daar in die komitee.

Maar as julle nou, kom ons noem dit 'n munisipaliteit, 'n Swart munisipaliteit gestig het vir die Vaal, dan was julle mos maar weer waar julle was, amper soos gemeenskapsrade? -- Nee, die verskil tussen die twee is dit. Dit sou gewees het 'n liggaam gekies en ooreengekom met die regering deur die Swart gemeenskap. Nie 'n liggaam wat bestaan omdat die (20)  
owerhede of die regering gesê het ons wil hê julle moet beheer word vir hierdie liggaam nie. Dit is die verskil.

Ek is jammer, ek het 'n probleem. 'n Mens kan tog 'n liggaam oorneem deur eenvoudig jou mense te stel as kandidate en vir hulle te stem. Die VCA kon mos sy eie kandidate stel en die hele stelsel oorneem as hy wou? -- Die punt is, dit is nie 'n kwessie van ons soek nie so 'n persoon of so 'n persoon nie. Ons soek nie die stelsel nie. Die hele stelsel moet weggedoen word.

MNR. HANEKOM : VCA het hom nou beywer om van hierdie (30)  
stelsel ontslae te raak. Is dit deur VCA bespreek wat die  
../ organisasie

organisasie se standpunt of optrede sou wees as hulle nie geslaag het in hierdie doel van hulle nie. As die raadslede wel suksesvol was en wel aangegaan het? -- Ons het nog nie tot so ver gekom nie, want dit was die begin van die hele ding.

Het u ooit op enige stadium bespreek wat die posisie van VCA sou wees as raadslede sou weier om te bedank? -- Nee.

Dan keer ons nou terug na die vergadering wat ons eintlik 'n bietjie van afgewyk het. Ons het laas gepraat van die resolusies wat geneem was op die vergadering, die resoluksie dat 'n vroue-organisasie gevorm moes word, te wete Vaal Organisa- (10) tion of Women. Is daar op die vergadering bestuursliggame gekies vir die nuwe organisasie? -- Ja.

Kan u onthou wie? -- Wat ek onthou is Edith Lethlake wat gekies was die voorsitster, Dorcas Raditsela, mev. Letanda en my eggenote was gekies as 'n sekretaresse.

HCF : Die Dorcas Raditsela was dit die vrou van Esau Raditsela? -- Ja.

MNR. HANEKOM : Ons het aanvanklik gepraat van vyf openbare vergaderings. Ons kom dan nou by die vyfde openbare vergadering van VCA, wat ook gehou was in dieselfde kerk te Small (20) Farms. Kan u onthou wanneer dit was? -- Al wat ek kan onthou is dat dit nog aan die begin van die jaar 1984 was.

Wat was die doel van die vergadering? -- Hierdie vergadering se doel was dat mense van Zone 7 sou in daardie vergadering bekend gemaak het wat hulle gedoen het in verband met die probleme waarmee te doene gehad het in daardie gebied en die verkiesing van die areakomitee van Zone 7.

Wie was die sprekers by die vergadering? -- Wat ek onthou is Edith Lethlake, David Mphuthi.

Beskuldigde nr. 7. -- Sam Matole. (30)

Beskuldigde nr. 17. Is dit al wat u onthou? -- Ja.

... / Kan

Kan u onthou waaroor elkeen van hierdie sprekers se toespraak gegaan het of kan u nie onthou nie? -- Ek kan nie een vir een onthou wat hulle gesê het nie, maar die hoof van hulle se gesprek was die aanmoediging van mense van Zone 7 om by 'n vergadering te wees van Vaal Civic Association, in die sin dat hulle lede moet word van die VaalCivic Association, sodat daar 'n komitee kan bestaan van Zone 7. Nog'n ander ding wat daar bekend gemaak moes gewees het, was omdat daar moeilikheid of probleme was in die begin van die jaar aangaande skoolkinders wat nie toegelaat was om terug te keer skool (10) toe nie, aangesien hulle gedop het. Die mense van Zone 7 het toe bymekaar gekom, na die skole toe gegaan wat daardie probleme gehad het. Op die ou end het hulle ooreengekom met die hoofde van die skole, die prinsipale en die kinders was weer geneem in die skole.

By die vyf vergaderings wat u nou beskryf het, was daar - was dit die gewoonte dat daar baniere by die vergaderings was of nooit? -- Ja, dit was 'n gewoonte.

Wat se tipe baniere was dit meestal? -- UDF baniere, COSAS, Vaal Civic Association en Release Mandela Campaign.(20)

Was daar by van hierdie vergaderings literatuur verkoop gedurende of na die vergadering? -- Ja.

Wie het dit verkoop? -- Dit het te doene met die komitee en die komitee se leier, naamlik Thembekile Sahluko is die persoon wat in beheer daarvan was.

Wat se literatuur was dit wat te koop aangebied was? --Boeke soos "SASPO National Speak - Working Progress and Booklets" van Black Sash, byvoorbeeld wat iets te sê gehad het oor dit wat beskryf was van die Black Local Authorities, "pass laws" en elektrisiteit. (30)

HOE : Wie gee SASPO National uit? Wat is dit vir 'n publikasie?

-- SASPO National in most cases highlights about what is happening at different places.

Wie gee dit uit? Van wie af is dit afkomstig? -- Ek is nie in staat om vir die Hof te kan sê van watter organisasie dit afkomstig is nie, maar die organisasie is 'n geaffilieerde van UDF.

En Speak? -- Soos ek nou hier staan in die getuiebank, is ek nie in staat om vir die Hof te kan sê wie die skrywers is en wie die uitgewers is van daardie boek nie.

MNR. HANEKOM : Weet u waar Thembekile Sahluko of sy komi-(10) tee die literatuur gekry het om te verkoop? -- Wat van UDF af gekom het, het ek van UDF gekry. Van die SASPO National het hulle dit ook gekry van waar dit oorspronklik gekom het.

Weet u watter het van UDF af gekom? -- Daar is so baie van die goed. Op hierdie oomblik wat ek hier staan is ek nie staat om hulle apart te noem nie. Ek is deurmekaar wat dit betref.

HOF : Is dit nie 'n onderwerp wat vrugbaar bespreek kan word by die samesprekings nie? Waar elkeen van die publikasies vandaan kom. (20)

MNR. HANEKOM : Soos dit die Hof behaag. Die vergaderings wat ons mee klaar is, was openbare vergaderings van VCA of massavergaderings. Dan was daar ook komiteevergaderings gehou van die VCA? -- Ja.

Hoe gereeld is die vergaderings gehou? -- Dit was veronderstel om gehou te word elke week.

Is u in staat om enige van daardie komiteevergaderings spesifiek te onthou? -- Daar was so baie van hierdie vergaderings gewees dat ek nie eintlik in staat is om vir die Hof te sê nie. Dit was nie so 'n groot vergadering gewees wat (30) gehou word met die komitee nie. Oppervlakkig sal ek miskien

... / vir



vir die Hof kan sê op 'n vergadering dit was gesê.

Waar is die komiteevergaderings gehou? -- Dit was gehou in verskillende wonings, die huise van die lede van die komitee van die Vaal Civic Association.

Is daar op hierdie komiteevergaderings besprekings gevoer oor die sogenaamde "anti-town council campaign"? -- Ja.

Is daar 'n strategie bespreek oor hoe die kampanje gevoer moes word? -- Ja.

In breë trekke, wat was die strategie? -- Ons het ooreengekom dat vergaderings gehou sal moet word in huise, (10) dat byvoorbeeld 'n lid mense moet nooi na 'n vergadering wat hy in die huis hou en 'n vergadering met daardie mense daar uitvoer. En nog verder dat groot vergaderings gehou sal moet word by daardie plekke sodat 'n mens met 'n groot aantal mense daar kan praat. Indien moontlik sou van die lede die kandidate genader het om hulle te gaan oorreed om nie voort te gaan nie.

Is dit die kandidate wat staan vir verkiesing as raadslede? -- Ja.

Weet u of van die komiteeledes inderdaad sulke kandidate (20) genader het? -- Ek onthou van een persoon wat 'n lid is van die komitee wat so 'n soort kandidaat gaan sien het.

Wie is die komiteelid? -- Thabiso Ratsomo.

Beskuldigde nr. 22. Hy het probeer om 'n gesprek te voer met een van die kandidate, mnr. Ntswering. Die gesprek tussen hulle was dat hy met hom gepraat het en hom oorreed het oor die probleme wat daar in die toekoms is, dat hy moet onttrek as 'n kandidaat.

Het beskuldigde nr. 22 terugrapporteer aan die komitee?

-- Ja. (30)

Wat was dit? -- Beskuldigde nr. 22 se rapport was dat

... / hulle

hulle het nie ooreengekom op dit wat hy met hom oor gaan praat het nie. Op die ou end het die kandidaat Ntswering gesê dat hy gaan voort as 'n kandidaat om verkies te word.

Is daar nog 'n ander strategie wat bespreek is? -- Ek het gepraat van die "house meetings, public meetings, mass meetings," pamflette wat sou versprei gewees het vir die mense om te sien dat hulle nie in hierdie ding betrokke moet raak nie.

HOF : Is hulle versprei? -- Ja.

MNR. HANEKOM : Wie het die pamflette voorsien? -- Die UDF (10) het namens ons daardie pamflette gedruk.

HOF : Wie het daarvoor betaal? -- Nee, ons het nie betaal nie.

MNR. HANEKOM : 'n Ander aspek wat by die komitees bespreek was, die totstandbring van VCA gebiedskomitees? -- Ons het ook bespreek die maniere wat ons kan volg om die aantal lede te verhoog. Dit is die lede van die VCA.

Wat het u bespreek? -- Dit moes ook met die "house meetings" begin het. Dat ons ook publikasies moet versprei om mense te laat weet oor die bestaan van die VCA. Elke keer as (20) ons 'n vergadering hou, moet ons baie daaraan dink, dit is aan die "membership" van die VCA, maar wat 'n belangrike rol gespeel het sou die "area representatives" gewees het. Dat hulle by hulle areas lede moet verkry.

Het daar inderdaad gebiedskomitees van VCA tot stand gekom? -- Ja, wat gekies was.

Watter gebiedskomitees was daar? -- Bophelong, Zone 7, Zone 3.

Wie was die lede van die Gebied 7 komitee? -- Esau Radit-sela, Edith Lethlake, David Mphuthi. (30)

Beskuldigde nr.7. -- Nog een wat 'n beskuldigde is hierso.

... / Ek

Ek kan nie sy naam onthou nie.

HOF : Laat hy opstaan. -- Die een wat Langs David Mphuthi sit.

Beskuldigde nr. 9? -- Dit is die man.

Wat is sy naam? -- Nee.

MNR. HANEKOM : Nog iemand anders? -- Dit is al mense wat ek kan onthou.

'n Ander onderwerp van die komiteevergaderings was daar is bespreek oor 'n grondwet van die VCA? -- Ja.

Wat was in daardie verband bespreek? -- Met die stigting(10) van die Vaal Civic Association was daar 'n ooreenkoms dat dit 'n komitee was wat net sal werk vir omtrent 'n jaar as 'n "interim committee". In hierdie tydperk was een van die pligte van die "interim committee" was om 'n grondwet te maak vir die Vaal Civic Association, wat voor die verstryking van hierdie tydperk voor die gemeenskap gelê moet word. Daar was toe 'n ooreenkoms gewees dat Esau Raditsela, Mike Kgaka en myself sal daarmee te doene hê. Toe ons nou na daardie dinge moet begin kyk, het daar sekere moeilikhede of probleme ontstaan, naamlik dat ons nie altyd bymekaar (20) kon kom nie, die drie van ons, as gevolg waarvan ons toe besluit het dat aangesien Esau Raditsela en Mike Kgaka saam is by die werksplekke te Vereeniging, hulle twee daarna sal moet kyk. Na 'n rukkie het hulle laat weet dat hulle nou 'n rowwe skets daaromtrent gemaak het. Dit was dus nodig gewees dat hulle dit moet saambring na die vergadering en dat ons dit dan daar bespreek. Ongelukkig het ons nog nooit daar uitgekom om dit te bespreek nie. Die rede is dat of die afskrif is nie beskikbaar nie of die lede is nie beskikbaar nie, wie eintlik belangrik is by die bespreking. Met die gevolg (30) dat ons nog nooit by die punt uitgekom het waar ons dit moet

... / bespreek

bespreek nie.

Is die onderwerp van affiliasie met UDF op die komitee-vergaderings bespreek? -- Ja, ons het dit bespreek, want daar was 'n ooreenkoms gewees dat die Civic Association moet affilieer met die UDF. Die aansoek vir die affiliasie was gedoen.

MR BIZOS ASKS PERMISSION FOR ACCUSED NO. 14 TO BE EXCUSED.

MNR. HANEKOM : Gaan voort. -- Daar was toe'n antwoord ontvang dat die Civic Association aanvaar is en is nou geaffilieer met die UDF.

Wie het gerapporteer oor die affiliasie wat aanvaar (10) is? -- As my geheue my nie in die steek laat nie, is dit Thabiso Ratsomo of Esau.

Beskuldigde nr. 22. Is dit bespreek wat die gevolge is van affiliasie met UDF? -- Ons affiliasie met UDF het die volgende verbind vir ons. Daar is sekere fooie wat betaal moes word, affiliasiefooie per jaar. As 'n lid van UDF, dit is nou die organisasie van ons, is ons verplig om die UDF op hoogte te hou met wat gebeur in ons organisasie. Die rede daarvoor was sodat al die lede van die UDF op hoogte moet bly van wat gebeur het met hulle mede-lid. Ons is ver-(20) plig om by te dra tot enige doen en late van UDF, byvoorbeeld as daar 'n kampanje is van die UDF moet ons ook onsbydrae lewer.

HOF : Is dit nou geldelik of moet julle fisies opdaag om by die vergadering te wees? -- Fisies met wat UDF besig is om te doen of wat UDF besluit het wat gedoen moet word.

MNR. HANEKOM : Nog iets? -- Dit is al wat ek nou kan onthou.

Terwyl u gepraat het van die kampanjes, is daar UDF kampanjes gewees wat VCA toe moes opneem en moes deelneem aan? -- Ja "million signature campaign. The people's festival." (30) Dit is die twee wat ek kan onthou.

... / Watter

Watter bydrae het VCA gelewer met die "million signature campaign"? -- VCA moes die vorms gekry het van die "million signature campaign" en dan 'n vergadering hou waar dit verduidelik sou word in hierdie vergadering waarvoor dit gaan om so-doende die "signatures" te kry.

Is dit toe gedoen? -- Ja, dit was gedoen.

En is daar inderdaad deur lede van VCA handtekeninge verkry vir die kampanje? -- Ja, hulle het.

En dan die "People's Festival" waarvan u melding gemaak het, wat was dit? -- "Music Festival" wat te Vanwyksrus gehou(10) was.

Onder wie se beskerming? -- Georganiseer deur UDF.

En wat was VCA se bydrae? -- VCA se bydrae was om die mense te laat weet of om dit bekend te maak van hierdie "festival" en dan nog om mense te kry wat van die Vaal af kan kom om die "festival" by te woon.

Het enige van die bestuurslede van VCA die "festival" gaan bywoon? -- Mense van die Vaal het dit bygewoon, maar ek kan nie sê wie almal gegaan het nie, want dit was op 'n Sondag gewees. Ek was in die kerk. (20)

Om terug te keer tot die gevolge van affiliasie met UDF. Was dit bespreek wat 'n geaffilieerde organisasie se posisie was ten opsigte van die beginsels en die beleid van UDF? -- As ons nou lede is van die UDF moes ons verslag gedoen het aan hulle. Ons moet twee persone stuur, dit wil sê twee lede van ons organisasie moet die verslag wegbring na 'n vergadering wat gehou word deur die "general council" van UDF.

Waar is die vergadering gehou? -- Ek dink die meeste van die tyd was dit gehou te Khotso House.

Was dit verwag at die lede-organisasies afvaardigings(30) moes hê op al hierdie vergaderings of net op sommige van hulle,

op die algemene raadsvergaderings? -- Elke geaffilieerde lid van UDF was veronderstel om twee lede te stuur na hierdie vergadering toe van die "general council".

U praat van 'n vergadering. Ek wil net duidelikheid kry. Is dit een vergadering, een "general council meeting" vergadering of al die "general council meeting" vergaderings? -- Op elke "general council meeting" sou ons die geaffiliede van UDF twee lede gestuur het.

Weet u hoe gereeld die "general council meetings" van UDF gehou was? -- As ek nie verkeerd is nie, sal ek sê (10) een maal 'n maand.

Wat was die posisie ten opsigte van vergaderings wat lede-organisasies gehou het ten opsigte van mense van UDF?

HOF : Ek begryp dit nie. Wat bedoel u?

MNR. HANEKOM : Ek sal dit anders formuleer. Was daar enige implikasie in as 'n geaffilieerde lid van UDF 'n vergadering gehou het oor watter sprekers die vergadering moes toespreek of nie? -- Ja, die ooreenkoms was, elke vergadering wat gehou word deur die geaffilieerde organisasie van UDF moet bekend gemaak word aan UDF sodat indien moontlik UDF dan (20) 'n lid van hulle af moet stuur om hierdie vergadering van die geaffilieerde by te woon.

HOF : Geld dit vir komiteevergaderings ook of net vir massa-vergaderings? -- Net massavergaderings.

En sou so 'n lid wat dit dan bywoon moet praat of nie? -- Dit sou van ons afhang het of ons wil hê die man moet praat al dan nie en of ons wil hê dat hy net daar moet sit as 'n toeskouer van die vergadering.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 26 FEBRUARIE 1986.